AGS kentrikos

DIE AGS VAN SA ROBERTSON SENTRAAL

# KINDER TOEWYDING

Kinders is ‘n gawe uit die hand van God (Psalm 127:3). Nadat God vir Hanna ‘n seun gegee het, het sy hom aan God toegewy (1 Samuel 1:27–28). Volgens Lukas 2:22-24 het Josef en Maria vir Jesus na die tempel geneem om Hom aan God, met die gepaardgaande dankoffers, toe te wy. Tydens Jesus Christus se aardse bediening het ouers hul kindertjies na Hom geneem sodat Hy hulle kon aanraak en seën (Matteus 19:13-15; Markus 10:13-16; Lukas 18:15-17). Vanuit Jesus se reaksie op die dissipels en omstanders wat die kinders van Hom wou weghou sodat hulle hom nie pla nie, is dit duidelik dat kinders vir Hom belangrik is en dat daar vir hulle ook plek in Sy Koninkryk is.

Oor die algemeen is dit ouers se begeerte dat dit wat kenmerkend van Jesus Christus se lewe en bediening op aarde was, ook kenmerkend van hul kind se lewe sal wees - “En Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem.” (Lukas 2:52 – 1983 Afrikaanse Vertaling).

Deuteronomium 6:5–9 wys daarop dat ouers ‘n groot verantwoordelikheid het teenoor die kind/ers wat God aan hulle toevertrou. Ouers is veronderstel om kinders deur hul eie voorbeeld te begelei tot volwassenheid en ‘n lewe in ooreenstemming met die voorskrifte en wil van God. Ouers is baie afhanklik van God se hulp en leiding in die grootmaak en opvoeding van kinders.

‘n Kinder Toewyding is ‘n geleentheid waartydens ouers in die openbaar:

- hul dankbaarheid teenoor God vir die kind aan hulle toevertrou, wys.
- hul afhanklikheid teenoor God bely en Hom vra om hulle te help om die kind tot Sy eer groot te maak.
- hul voorneme verklaar om in samewerking met die kerk deur voorbeeld en na die beste van hul vermoë die kind tot eer van God groot te maak en die kind te begelei tot ‘n persoonlike verhouding met God – tot waar die kind self ‘n selfstandige besluit neem om Jesus Christus aan te neem as persoonlike verlosser en saligmaker en ‘n navolger van Jesus te word.
- aandui dat dit hul voornemens is en dat hulle daartoe verbind is om die kind ooreenkomstig Bybelse voorskrifte in die Christelike lewenswandel groot te maak.
- onbeskaamd te kenne gee dat dit hulle begeerte is dat God die kind sal seën deur die kind te behoed en te bewaar en in al die kind se behoeftes te voorsien en dat Sy guns op die kind sal rus.

Aangesien die rol van ouers in die begeleiding van kinders tot volwassenheid van onskatbare waarde en invloed is, is dit van kardinale belang dat ouers bereid sal wees om ten minste die volgende te onderskryf en te onderneem:

- Ons ontvang hierdie kind met dankbaarheid teenoor God as ‘n gawe en seën uit Sy hand aan ons.
- Ons is bereid om alles in ons vermoë te doen om seker te maak dat ons vir die kind ‘n stabiele omgewing skep waarin hy/sy kan groot word.
- Ons onderneem om voortdurend aan ons huweliksverhouding te werk en seker te maak dat ons deur ‘n goeie huweliksverhouding aan ons kind die nodige liefde, ondersteuning en veiligheid sal bied.
- Ons onderneem om deur die voorbeeld van ons elkeen se eie persoonlike verhouding met God aan ons kind geestelike leiding te gee met die hoop en vertroue dat die kind self ‘n besluit sal neem om Jesus Christus aan te neem as persoonlike saligmaker en verlosser en Sy navolger te word.
- Ons onderneem om nie net alles in ons vermoë te doen om na ons kind se fisiese behoeftes om te sien nie, maar ook na die geestelike behoeftes en instrumenteel te wees in die kind se geestelike groei en ontwikkelling.
- Ons onderneem om ons kind biddend en met geduld, liefdevol groot te maak, met die strewe dat die kind sy/haar God gegewe potensiaal sal bereik.

Daar is nie ‘n spesifieke ouderdom waarop ‘n kind toegewy moet word nie. Die gemiddelde ouderdom vir toewyding is vier tot agt maande. Daar is ook ouers wat kinders later toewy omdat hulle self eers op ‘n later stadium van hul lewens navolgers van Christus geword het of omdat hulle nie vroeër vanweë omstandighede ‘n geleentheid gehad het of gereed was om dit te doen nie.

Enkel ouers word ook aangemoedig om hul kind/ers toe te wy, aangesien ‘n enkelouer dieselfde verantwoordelikheid teenoor hul kind het as getroude ouers. Die ideaal is dat beide ouers – al is hulle nie getroud – betrokke sal wees by die toewyding van die kind. Dit is egter vanweë ‘n verskeidenheid omstandighede nie altyd moontlik nie. Dit verg ekstra moeite en inspanning van ‘n ouer om ‘n kind alleen groot te maak. Daarom is dit vir enkel ouers van kardinale belang om hulself aan God te verbind in die grootmaak van hul kind. Hierdie gemeente wil graag aan enkel ouers dieselfde ondersteuning bied wat hulle aan getroude ouers bied. Ouers van kinders wat nie getroud is nie en saam woon, word ten sterkste aangeraai om te trou en sodoende hulself aan God en Sy wil vir man en vrou te onderwerp alvorens hulle hul kind aan God toe wy.

Ouers is baie welkom om hul familie, vriende en kollegas na die geleentheid te nooi. Dit is ‘n groot geleentheid in die lewe van die ouers en kind wat saam met familie en vriende gevier behoort te word. Dit is terselfdertyd ook ‘n wonderlike geleentheid vir ouers om aan die gemeente, hul familie, vriende en kollegas te toon dat hulle onbeskaamd is oor hul persoonlike verhouding en verbintenis aan Jesus Christus as hulle verlosser en saligmaker.

Die rede waarom babas in die gemeente toegewy en nie gedoop word nie, is omdat die doop ‘n instelling is wat deur Jesus Christus ingestel is vir diegene wat ‘n persoonlike keuse gemaak het om in Hom te glo en Hom aangeneem het as persoonlike verlosser en saligmaker (Matteus 28:19). So ‘n keuse kan eers gemaak word wanneer iemand self die vermoë het om te verstaan wat dit beteken (Handelinge 2:28, 41, 8:12). In die Bybel is daar slegs verwysing na volwassenes wat gedoop is. Die gebruik wat in die Bybel voorkom is dat ouers hulle kinders aan God toegewy het. Om die evangelie boodskap te kan verstaan en self te kan besluit om Jesus Christus aan te neem as persoonlike verlosser en saligmaker, moet so iemand ten minste ‘n ouderdom bereik het waar dit wel moontlik is. Die riglyn wat in die gemeente gevolg word, is dat iemand ten minste 12 jaar oud moet wees om begelei te kan word en gedoop te kan word op grond van ‘n persoonlike geloofbelydenis in Jesus Christus as saligmaker en verlosser.